


Johannes 13:34-35
 Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."



Matteus 22:37-40
 Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."



Matteus 28:19
 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees,



Handeling 1:8
 Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."



1 Tim 2:3-4
 So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

Lukas 10:25-37

Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus 'n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: "Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?" Jesus sê vir hom: "Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?" Hy antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself."

"Jy het reg geantwoord," sê Jesus vir hom. "Doen dit en jy sal die lewe verkry." Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: "En wie is my naaste?" Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê: "Toe 'n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee.


Dit gebeur toe dat daar 'n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. Net so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby. Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry.

Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: 'Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.'


"Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" Die wetgeleerde antwoord: "Die man wat aan hom medelye bewys het." Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."

Matt 9:35-38

Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak. Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie.




Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.”




Matt 4:19
Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.”

The Life-Light




1 1-2 The Word was first,
the Word present to God,
God present to the Word.
The Word was God,
in readiness for God from
day one.
3-5 Everything was created
through him;
nothing—not one thing!—

The Life-Light




1 1-2 The Word was first,
the Word present to God,
God present to the Word.
The Word was God,
in readiness for God from
day one.
3-5 Everything was created
through him;
nothing—not one thing!—

The Life-Light




1 1-2 The Word was first,
the Word present to God,
God present to the Word.
The Word was God,
in readiness for God from
day one.
3-5 Everything was created
through him;
nothing—not one thing!—

The Life-Light



1 1-2 The Word was first,
the Word present to God,
God present to the Word.
The Word was God,
in readiness for God from
day one.
3-5 Everything was created
through him;
nothing—not one thing!—



The Life-Light

1 1-2 The Word was first,
the Word present to God,
God present to the Word.
The Word was God,
in readiness for God from
day one.
3-5 Everything was created
through him;
nothing—not one thing!—



7 min lank video